Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 3

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Waar Gaan Die Skuitjie Heen?

Die skuitjie wat so stilweg oor
Die spieëlblink water vaar -
waar gaan dié skuitjie heen?
Alleen die stuurman weet,
Dis sy geheim,
Hy vaar en vaar en vaar.
En teen die aand
wanneer die hemel rooi en blink
en helder oor die water buig,
dan keer hy in
om hy die aanlêplek
sy skuit te anker vir die nag.
Dis daarom dat ons wag en wag
totdat dit aand is, voor ons weet
waar gaan die skuitjie heen.

Soos dit met hierdie skuitjie is, so is dit met ons lewe, maar so is dit ook nie. Welbesien is daar net twee uiteindelike hawens. Die hawe van die hemelpoort en die poel van die ewige verderf. Na een van hierdie twee is alle mense op pad. Ten diepste weet net God wat die bestemming van ons almal is. Maar iets daarvan word ookal in hierdie lewe sigbaar — as 'n mens kyk na die koers waarin iemand vaar, dan kan jy vooruit al vermoed by welke hawe hy sal eindig. Gun uself 'n paar oomblikke stilte elke dag. Lees u Bybel soos 'n skipper sy kompas raadpleeg. En vra uself in die aand voor u gaan slaap eerlik af: Wie het die stuur van my lewe in hande: Jesus Christus of die satan? In welke rigting beweeg ek: na die hawe van behoudenis, of die poel van verderf?

WAAROM IS JULLE CHRISTELIKE KERKE SO VERDEELD?

Ja, ek sien u probleem in.

U bedoel dat die Boeddhisme byvoorbeeld 'n hegte eenheid vorm. So ook die Mohammedanisme en ander soortgelyke godsdienste wat ons Christene as heidens en goddeloos en verkeerd verwerp. En nou sê u dat die eenheid van daardie godsdienste tog die bewys lewer dat een van hulle die enig-ware en regte godsdiens is terwyl die verskeurdheid van die Christelike godsdiens hom juis as die enigste ware en suiwere godsdiens diskwalifiseer.

Ek sal nie sê dat ek u moeilikheid volkome gaan oplos nie, maar ek wil u tog iets gee om aan te dink. Ek wil dadelik erken: die verdeeldheid van die Christendom is sonde. En ons, Christene. sal alles moet probeer om weer die eenheid wat ons in Christus het, uit te lewe. Al is ons verdeeldheid nie verskoonbaar nie, is dit egter verklaarbaar. U ken tog seker die ou wet van: "Verdeel en heers". Nou ja, die duiwel, wat volgens die Christelike godsdiens die groot teëstander van God en Sy kinders is, hy ken die beginsel ook. En nou sien ek die saak so: Die Boeddhisme en Mohammedanisme is geheel in die mag van die duiwel. Hulle hou geen bedreiging vir hom en sy sondige ryk in nie; inteendeel, daardeur word sy ryk bevorder en uitgebou. Daarom probeer hy geen verdeeldheid onder hulle saai nie.

Maar die duiwel moet ongetwyfeld in die Christelike godsdiens 'n groot bedreiging vir sy ryk van die duisternis sien en daarom het hy soveel verdeeldheid onder die aanhangers van die Christelike geloof gaan saai.

Die ander godsdienste is eintlik nie godsdienste nie, maar duiwelsdienste. Maar die Christelike godsdiens is waarlik 'n *Godsdiens* wat die duiwel op elke moontlike plek aanval as die groot teëstander en vyand. Die duiwel het toe in sy teenaanval verdeeldheid en botsings in die Christendom gebring om so oor hulle te probeer triomfeer volgens die beginsel van: verdeel en heers.

So besien is die verdeeldheid in die Christelike godsdiens juis die bewys dat dit die enig-ware *Godsdiens* is.

U verstaan seker nou my argument.

Dink 'n bietjie daaroor na.

P.J. de Bruyn

Die moderne lewensgevoel

"Huis clos", vry vertaal: "Die geslote deure", is 'n drama van 'n beroemde skrywer, Sartre.

Die tema wat hier ontwikkel word, is drie mense wat vasgekeer is in 'n vertrek met smakelose meubels. Hulle priem mekaar met hartstog, haat, terging en walging. Ontvlugting is onmoontlik want die deur is op slot. Die blik van die een pen die ander een vas.

Die lewensgevoel van die mens van vandag en die tydsgees waarin ons lewe, word hier op 'n doek geprojekteer, sodat ons die mens sal raaksien. Die mens wat angs en vrees het, wat ly en stry en omring is van die dood.

As ons die gewone man op straat onder 'n reuse vergrootglas kon plaas, sal ons onder andere die volgende sien:

- Die vraagteken agter die sin van die bestaan.
- Die angs vir die lewe met al sy eise en wendinge.
- Die magtelose gevoel dat hy êrens 'n slagoffer is van iets duisters.
- Die twyfel en vertwyfeling.

So sien ons hom in die vreugdelose roetine van sy arbeid, in sy armoede aan gevoel, verbeelding en intuïsie. Hy is uitgelewer aan die snelheid van ons eeu. Die ontspanning, die kar, die werk, die telefoon, die maaltyd, slaap ... alles gou — gou — gou! Bo in die ruimtes vlieg die bemande kapsules om die aarde, in Europa is 'n Berlynkrisis — daar is Laos en Kuba ... en op ons grense is Afrika met sy uitdagende verklarings oor geweld en heerskappy.

Hierdie kleine man is neuroties. Dit maak hom koorsagtig, senuweeagtig en nydig. Die lewe het vir hom sy intensiteit verloor.

Sommige verval in 'n oppervlakkige eet-drink-vrolik wees houding. Ander verstar in 'n soort dom gelatenheid. Nog een word verbitterd en sinies.

Aan al hierdie houdinge vreet die droewe pessimisme. Ken u dié woorde van 'n skrywer?

> Waar is God,
> Waarom spreek Hy nie?
> Gee tog antwoord!
> Waarom swyg Hy dan? Waarom?
> Gee niemand 'n antwoord nie?
> Is daar geen antwoord?

Gee dan niemand, niemand antwoord?

Ek wonder of u nog die antwoord ken?

Ja seker — u weet wat die christen hierop te sê het, maar u heg daar geen waarde aan nie.

Tog wil ek u uitnooi om weer daarna te luister, want ek glo dat die bevrydende Woord mag het om u en my en alle mense te verlos van hierdie moderne lewensgevoel.

Ons moet die ware kontak met die Here soek, want dan leef ons in die onuitspreeklike gevoel van 'n Teenwoordigheid wat ons aanvuur in die stryd van die lewe, wat ons ondersteun in alle swakhede en ons troos in teëspoede. Die blywende kontak met God bring balans, vrede, gevoel, stilte, verbeelding en kalmte. Dan vind ons weer die intensiteit.

Die geloof is dié wete dat niks sinloos is nie, ook nie my individuele bestaan nie. Die geloof is die opheffing van eensaamheid deur die gemeenskap met God.

Die geloof aanvaar die radikale wegneem van skuld deur Christus se offer.

Die geloof is die oorwinnaar van lewensangs want die vrug van die geloof is vrede en toekomshoop.

Die geloof gee aan elke gelowige 'n nuwe waarde. Dit maak van hom 'n besonderheid in sy eie oë en in die oë van die Here.

Die geloof bring vergenoegdheid en beskeidenheid dat God jou 'n plek gee waarin jy moet. leef tot sy eer.

Die deur is geopen deur Jesus Christus.

Dit kom maar daarop aan dat u hierdie dinge weer moet sien en belewe.

Ons moet weer die realiteit van Christus vooropstel. Hy is tog immers die blink traan van God oor die nood van die wêreld. Hy is die Oorwinnaar wat spore trap — oor die dood heen!

By Hom is die kragte wat die lewe dra en vernuut. Wat leeg geword het, word deur die geloof in Hom gevul met troos, bystand, liefde, geduld, vryheid, vergiffenis. Die beker van oorvloed word uitgegiet. Die kruik van Goddelike luuksheid loop oor!

Wat jy hier gelees het is die uitnodiging om met één reusestap vanuit die duisternis van die moderne lewensgevoel binne te tree in die lig van die eeu-oue oplossing vir alle lewensvrae.

Ons het van kleins af geleer dat 'n uitnodiging beantwoord moet word.

W. J. de Klerk.

Is jy bekommerd ....

Wie is vandag nie bekommerd nie?!

Negentig persent van die senusiektes van ons tyd ontstaan as gevolg van bekommernis.

Byna net soveel van die siektes in ons gewone hospitale is die gevolg van senuspanning, geestelike uitputting en bekommernis.

Is dit miskien ook u probleem?

Lees dan hier wat die Bybel daaroor sê: Vertrou op die HERE, en doen wat goed is: bewoon die aarde en beoefen getrouheid, en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart. **Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Horn. en Hy sal dit uitvoer.**
Psalm 37:4, 5.

Gods weë kan nooit so donker wees nie,
Dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.
Psalm 73:1

Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig, rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.
Jes. 41:10.

Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur riviere hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.
Jes. 43:1, 2.

Moenie julle kwel oor jul lewe - wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte byvoeg? Matth. 6:*25, 27.*

Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. Filip. 4 : 6. 7.

Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle. — 1 Petr. 5:7.

Nog bekommerd?

Nee, nie as u hierdie woorde van God aan u **glo** nie.

Miskien tog.

Maar dan sal u bekommernis **anders** wees.

Dit sal iets hê van die pyn van 'n kind wat deur sy moeder getroos is. Dan is daar nog pyn.

nog droefheid, maar die vrees, die spanning is soos 'n dodelike angel daaruit getrek.

Voorwaar my siel is in my stil,
weer één met God se heilge wil.
Net soos 'n kind tevrede by
sy moeder is my siel in my. Psalm 131:2.

P.W.B.

"Die wellus, onkuisheid en van God losgeslane luste is Satan se parodie op die liefde". — Veldkamp.

"Waar die mens op sy end is, is God aan die begin". — Van Duinen.

"Wie homself oorwin, is groter as hy wat 'n veldslag wen". — Thomas á Kempis.

"Gebede is meer as die helfte van 'n betrokke werk". — Luther.

"Hoe noodsaaklik die geloof aan die kerk is, blyk hieruit, dat ons om tot die onsterflike lewe wedergebore te word, deur haar skoot ontvang moet word en om bewaar te word moet ons op haar skoot gekoester word. Sy is immers ons alles moeder, by wie die Here die skatte van Sy genade deponeer." — Calvin.

SPOTVREES

Hulle sal my spot as ek die Here dien . . . U is volkome reg, daar is spotters. Die Bybel praat ook van die spot van sorgelose mense. Onder u kennisse. vriende en dierbares is daar ook miskien spotters. Hulle is gereed om u te spot as u belydenis van gelooi' doen. as u kerk toe gaan, as u die Heilige Nagmaal gebruik en as u vroom en godsalig afwyk van die kwaad. Ja, hulle spot as u nie die sondepad saam met hulle wil bewandel nie. En nou is u daarvoor bang. U wil darem nie vir die spot loop nie. Nou hou dit u terug om hart en lewe aan die Here te gee. U gewete praat hier binnekant, maar u kan nou eenmaal net nie deurtas nie. Die gedagte is maar gedurig daar: wat sal die ander sê . .. hulle sal vir my lag. Maar weet u, daardie vrees is ongegrond — wat kan 'n mens tog aan u doen? Die Here Jesus sê: vrees Hom wat beide liggaam en siel kan verderf in die hel. Sal u nou die mens vrees en nie daardie grote God nie?

Kyk, u is tog nie verantwoording aan die mens verskuldig nie. U moet u eendag voor God verantwoord. En nou is dit seker: wie op Hom vertrou. sal nie beskaamd staan nie, maar wie die mens wil behaag, kom in die skande. Laat die spotters dan maar raas en spot met wat hoog en heilig is. Hulle kan niks van u wegneem of aan u toevoeg nie. Onthou, die Bybel waarsku ons om nie te sit in die kring van die spotters nie. Daardie spotterny is vir die Here 'n gruwel en die spotter sal beskaamd staan. Die Here gee genade en eer aan diegene wat in sy vertroue wandel.

Nou ja. as hulle spot moet u daardie mooi woorde van die Here Jesus onthou: "Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is .

Dit is dus duidelik dat u nie twee here kan dien nie. U kan nie die spotter behaag nie en darem ook die Here dien nie. U moet óf die spotter behaag óf saam met die apostel Paulus sê: Ek skaam my nie, ek weet in wie ek geglo het.

Geagte leser, u is swak en wankelmoedig? Ons het vir u net een raad: BID! Bid dat die Here vir u die spotvrees wegneem en u moedig maak met krag in u siel.

Ons wil eindig met hierdie vraag: dink u nie dit is vreeslik as die spotter tussen u en God moet staan nie? Dit is tog vreeslik as die tong van die mens u van die Here moet afhou. Maak daarom erns met hierdie saak . . . maak dit 'n gebedsaak. Die spotter kan u nie van die dood bevry of u trane droog in droefenis nie. Die mens kan u slawebande nie stukkend breek nie. Daar is egter die heerlike belofte dat wie die Here soek in stilvertroue, by Hom veilig is en behoue. Ons wil ons gesprek met u beëindig met die woorde van Psalm 25:

Ja, U sal hul nooit verlaat
wat in u vertroue wandel,
maar U dek hul met u smaad
wat hier troueloos lik handel.

R. S. J. van Wyk.

VIR MENSE IN NOOD

Onvrugbare leed

Leed moet vrug dra.
Smart moet saad skiet.
Tug moet 'n oes hê.

Wanneer 'n ouer sy kinders tugtig, hulle leed en smart aandoen, doen hy dit nie uit kwaadaardigheid, leedvermaak nie.

Hy slaan uit liefde. En in liefde verwag hy daar iets van.
Vrugte: meer nougesetheid, meer ywer, meer gehoorsaamheid.

Sodat die kinderlewe kan ontwikkel langs uie regte baan na rype volwassenheid.

Tug, ware tug, is liefde. Tugteloosheid is liefdeloosheid. So is God ook: Vader. Vader wat verwek en versorg.

Maar Vader wat slaan ook. Nie as 'n harde tiran nie, maar as 'n liefdevolle Vader. Om ons afgedwaalde hart terug te bring, om ons ingesonke geloof weer op te hef, om ons aan onsself vasgegroeide lewe te verlos, los te maak van onsself en vas te heg aan sy Vaderhart. God verwag iets van sy slaande hand.

Daar moet vrug wees, saad, 'n oes. "Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later egter lewer dit 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is." (Hebr. 12:1). Vind ons ook die vrug van ons leed, soek ons ook daarna?

Jy kan ook maak soos die mense van Jerusalem, van wie Jeremia sê: (5:3): "U het hulle geslaan, maar hulle het geen spyt gevoel nie; hulle tot niet gemaak. maar hulle het geweier om tug aan te neem; hulle het hul aangesig harder gemaak as 'n rots, geweier om hulle te bekeer." Het u miskien ook al so kliphard geword? Pasop dat u leed nie so onvrugbaar sal wees nie!

Daar is Een wat sy leed, die swaarste leed, gewillig gedra het: Jesus. En die vrug van sy lyding was: verloste mense, in Hom meer as oorwinnaars. Sou i) maar nie na Hom toe gaan nie?

L. H. Stavast.

"Selfs die aandelebeurs moet tot versadiging deurtrek wees van God — Toyohiko Kagawa.

"Die God van die openbaring is nie gelyk aan die lewe nie. Hy is nie die gevangene van die wêreld nie, Hy is Hy is nie die geen "iets" deur die wêreld stroom nie, maar 'n persoon wat met ons kan spreek en tot wie ons kan spreek. Die God van die Bybel is geheel anders as die god van die digters wat alleen maar 'n tere droom is rondom die geheim van die lewe. Hy is anders as die al-eenheid. Hy is geheel iets anders as die bonsende hart van die onmeetlike lewensoseaan. Hy is God - Vader, Seun en Heilige Gees". — Van Dijk.

Die Muggie en die Kameel

Ken u die vervelige ventjie wat 'n mens uitnooi om Saterdagaand by hom te gaan plate luister en dan die hele aand so aan sy nuwe stereofoniese radiogram sit en peuter in 'n irriterende poging om 'n nog suiwerder weergawe te kry, dat jy uiteindelik niks van die musiek geniet nie?

Ken u die egpaartjie wat steen en been klae dat hul dolgraag 'n kindjie wil hê, maar dat hulle om finansiële redes minstens vyf jaar sal moet wag? — maar in hul slaapkamer staan 'n stinkhout-kamerstel wat R800 kos en wat op skuld gekoop is.

Ken u die sentimentele meisietjie wat hoog en laag sweer dat sy nooit sal trou as sy nie 'n man kry wat soos Clark Gable lyk nie? — en dan mistrou sy haar eendag as gevolg hiervan heeltemal.

As u hulle nie ken nie, is u 'n vreemdeling in Jerusalem. Want die samelewing wemel letterlik van hierdie en dergelike mense.

Dis die ongelukkige skare wat gebuk gaan onder die las van 'n hele stel valse lewenswaardes. Hulle verhef een of ander nietige bysakie tot hoofsaak, en die werklike hoofsaak verloor hulle uit die oog. Hulle heg bv. meer waarde aan 'n feillose reproduksie van die musiek, as aan die skoonheid van die musiekstuk self.

Daar is die vietse mevroutjie wat liewer dood is as uit die mode. Sy pynig haar reeds gebreklike voetjies met 'n paar venynige skerppuntpotloodhakskoentjies en gee nie 'n flenter om vir die seer voetoperasies wat sy as gevolg daarvan sal moet ondergaan nie.

Daar is die algemene opvatting dat sekere soorte werk 'n skande is. Ek ken 'n heel goeie dame wat doodongelukkig is en haar huwelik byna op die rotse laat beland het, omdat haar dierbare man maar net 'n treinkondukteur is.

Daar is die ma van die hopeloos onmusikale kinders wat hulle dwing nm musiekles te neem — so asof 'n mens se hele saligheid daarvan afhang of jy kan klavierspeel.

Daar is die motoris wat vas glo dat hy nooit sy bestemming sal bereik nie as hy nie teen 35 m.p.u. jaag nie. Maak nie saak of hy sy lewe en die lewe van honderde ander mense in gevaar stel nie — solank hy maar die kinderagtige genot mag hê dat hy by al die ander motors verbygejaag het.

En so sou ons kon aanhou met die aanduiding van mense wat hulle eie lewe en die van hul medemense vergal met hulle stelletjie valse waardes.

Die ergste wat ek ooit teëgekom het, is die gevalle waar die valse waardes beslag gelê het op mense se godsdienslewe. Daar is geen groter waansin as godsdienswaansin nie. Die Here Jesus het hierdie soort godsdiens baie pittig aan die kaak gestel toe Hy die Fariseërs verwyt het dat hulle tiendes van kruisement en koljander en anys gee en die swaarste van die wet nalaat: die reg en die barmhartigheid en die trou. So, sê Hy, maak mense wat die muggie

uitsif maar die kameel insluk. Dit wil sê, hulle maak van 'n nietige bysakie 'n hoofsaak en die eintlike hoofsaak verloor hulle heeltemal uit die oog.

So is daar vandag mense wat nie meer aan die kerk behoort nie. of wat nog wel daaraan behoort maar verseg om 'n voet in die kerk te sit. En as jy begin uitvra na die oorsaak? Wel. daar is baie variasies op die tema. Die een se seun is deur die kerkraad gevra om liewer nog "n paar maande lank in die belydenisklas te bly en dan later weer aan te meld vir geloofsbelydenis (aanneming). Maar omdat elke ouer glo sy uilskuiken is 'n valk, het hierdie ouers toe maar die kerk bedank. 'n Ander een is deur die dominee se vrou op straat nie raakgesien, en dus nie gegroet nie. Wie kan dan na die preke luister van 'n man wat met so 'n hoogmoedige vrou getroud is? Daarom gaan hulle nie meer kerktoe nie. 'n Volgende dame is smoorkwaad die kerk uit omdat iemand anders se dogtertjie gekies is (en nie hare nie) om vir mevrou dominee by hul ontvangs 'n ruiker te oorhandig. Nog een is boos omdat hy uitgeval het vir die ouderlingskap teen iemand wat sy werknemer is -- verbeel jou! So is daar ritse en ritse redes waarom mense koud, afsydig en selfs vyandig staan teenoor die kerk.

Is u miskien so 'n verbitterde mens?

Vra uself dan af of u nie ook besig is om die muggie uit te sif en die kameel in te sluk nie. Of dink u werklik dat God nie dwarsdeur die muggiesiwwery en die kameelslukkery heen die Fariseër in elke mens se hart kan sien nie. En hoe dink u hoever sal die muggiesiwwery en die kameelinslukkery 'n mens in die oordeelsdag bring?

P.W.R.

GEBED

Vader in die hemel, ek dank U dat u roepstem na my toe gekom het in die eenvoudige woorde wat ek in hierdie blaadjie gelees het. My hart sê my dat dit U is wat my roep na die lig en die lewe. Gee my die krag en die genade om aan hierdie roepstem van U kinderlik gehoorsaam te wees. Help my om, soos die verlore seun waarvan Jesus vertel het, op te staan, en na my Vader te gaan. Ek weet dat U, net soos daardie vader met ope arms op my wag. Ek weet ook dat U om Jesus wil, my niks sal verwyt van al die verkeerde, dinge wat ek gedoen het nie, omdat U weet dat ek opreg berou het.

Red my Vader, voor dit vir ewig te laat is. Red my, o Hoorder van die gebed, uit hierdie nag van ellende waarin ek lewe, en maak my lewe nuut en vol vreugde by U.

Red my en hoor my om Jesus wil, wat gekom het om sulke ongelukkige, gevalle mense soos ek is, te soek en te vind.

Amen.